basic education

Department:
Basic Education
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/
# NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

## REKENINGKUNDE V2

## MEI/JUNIE 2026

**PUNTE: 150**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 16 bladsye,
'n formuleblad en 'n 12 bladsy-antwoordeboek.**

*Kopiereg voorbehou*

# HOU HIERDIE BLADSY OOP.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies aandagtig deur en volg dit noukeurig.

1. Beantwoord AL die vrae.
2. 'n Spesiale ANTWOORDEBOEK word verskaf waarin jy AL die vrae moet beantwoord.
3. 'n Formuleblad met Finansiële Aanwysers is aan die einde van hierdie vraestel aangeheg.
4. Toon AL die bewerkings om deelpunte te verdien.
5. Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.
6. Jy mag 'n donker potlood of blou/swart ink gebruik om die vrae te beantwoord.
7. Toon ALLE bewerkings tot EEN desimale punt, waar van toepassing.
8. Skryf netjies en leesbaar.
9. Gebruik die inligting in die tabel hieronder as 'n riglyn wanneer jy die vraestel beantwoord. Probeer om NIE daarvan af te wyk NIE.

| VRAAG | ONDERWERP | PUNTE | MINUTE |
|---|---|---|---|
| **1** | Versoenings, Ouderdomsontleding en BTW | 40 | 30 |
| **2** | Kosterekeningkunde | 40 | 30 |
| **3** | Voorraadwaardasie en Vaste Bates | 30 | 30 |
| **4** | Begrotings | 40 | 30 |
| **TOTAAL** | | **150** | **120** |

## VRAAG 1: VERSOENINGS, OUDERDOMSONTLEDING EN BTW

**(40 punte; 30 minute)**

### 1.1 BANKVERSOENING

Die inligting het betrekking op Primrose Handelaars op 31 Oktober 2025. Nozi Sithole is die eienaar van die besigheid wat Bheki Sadler as 'n boekhouer in diens geneem het.

Hulle gebruik die amptelike Bankstaat, wat elke maand op die 26ste ontvang word, om hulle Kontantjoernale te versoen.

**GEVRA:**

1.1.1 Toon die inskrywings wat op 31 Oktober 2025 in die Kontantjoernale aangeteken moet word deur die tabel in die ANTWOORDEBOEK te voltooi. (10)

1.1.2 Berei die Bankversoeningstaat op 31 Oktober 2025 voor. (7)

1.1.3 **Verwys na inligting D.**

Nozi dryf nie handel met XPS Verskaffers nie. 'n Ondersoek het geen bewyse gevind dat goedere verskaf is nie. XPS Verskaffers het egter by navraag wel 'n faktuur uitgereik. Daar is ook bevind dat die besigheid aan Bheki se broer behoort.

Watter stappe moet Nozi teen Bheki (sonder om hom af te dank) en XPS Verskaffers doen? Noem EEN punt vir elk. (4)

**INLIGTING:**

**A. Uittreksel uit die Bankversoeningstaat op 30 September 2025:**

| | | |
|---|---|---|
| Uitstaande deposito's: | Gedateer 29 September 2025 | R36 900 |
| | Gedateer 30 September 2025 | 9 000 |
| Uitstaande EFO's: | EFO 4 124 (Moja Handelaars) | 42 100 |
| | EFO 4 125 (Nel Verskaffers) | 11 000 |

**LET WEL:**

(i) Die interne ouditeur het ontdek dat die kontantbedrag van R9 000 op 30 September 2025 nooit gedeponeer is nie. Die bedrag kan nie verhaal word nie aangesien die kassier reeds op daardie stadium bedank het.

(ii) EFO 4 125 is korrek volgens die Bankstaat. Nel Verskaffers is 'n krediteur.

**B. Voorlopige totale in die Kontantjoernale op 31 Oktober 2025 voordat die Bankstaat ontvang is:**

| Kontantontvangstejoernaal | Kontantbetalingsjoernaal |
|---|---|
| R334 700 | R232 900 |

**C. Inskrywings in die Kontantjoernale vir Oktober 2025 wat nie op die Oktober 2025 Bankstaat verskyn het nie:**

- Deposito (28 Oktober 2025): R33 000
- EFO 4 317 (29 Oktober 2025): R12 200
- EFO 4 318 (30 Oktober 2025): R6 300

**D. Inligting op die Oktober 2025 Bankstaat wat nie in die Oktober 2025 Kontantjoernale verskyn het nie:**

| Datum | | Besonderhede | Debiet R | Krediet R |
|---|---|---|---|---|
| 2025 Sept. | 29 | Deposito | | 36 900 |
| | 30 | Moja Handelaars (EFO 4 124) | 42 100 | |
| | | Nel Verskaffers (EFO 4 125) | 1 100 | |
| 2025 Okt. | 15 | Auto Connect Versekeraars | 5 900 | |
| | | Auto Connect Versekeraars | 5 900 | |
| | 20 | XPS Verskaffers (EFO 4 184) | 13 000 | |
| | 25 | Rente | | 400 |
| | 26 | Diensgeld | 1 400 | |

- 'n Debietorder vir versekering, ten gunste van Auto Connect Versekeraars, is foutiewelik op die Bankstaat gedupliseer. Die bank sal die fout op die November 2025 Bankstaat regstel.
- Die boekhouer het doelbewus nie EFO 4 184 in die Kontantbetalingsjoernaal van Oktober 2025 aangeteken nie.

**E.** Nozi het op 30 Oktober 2025, R7 500 kontant by 'n OTM getrek om vir herstelwerk aan 'n besigheidsvoertuig te betaal, maar sy het nie die transaksiestrokie by die boekhouer ingelewer nie. Die boekhouer het nog nie hierdie transaksie aangeteken nie.

**F.** Die boekhouer het kontant, R8 800, wat van 'n huurder ontvang is, foutiewelik in die Kontantbetalingsjoernaal aangeteken.

**G.** Die Bankstaat het op 26 Oktober 2025 'n gunstige saldo van R116 500 getoon.

## 1.2 DEBITEURE-OUDERDOMSONTLEDING

Die inligting het betrekking op Marula Winkels. Die besigheid het 'n gestruktureerde kredietbeleid ingestel om stiptelike betalings aan te moedig, rente op agterstallige rekeninge te hef en maksimum korting te bied aan diegene wat betyds betaal.

Hulle kredietterme is 60 dae en daar word verwag dat 85% van die debiteure hierdie terme sal nakom.

**GEVRA:**

1.2.1 Bereken die totale persentasie van alle debiteure wat nie die kredietterme nakom nie. (2)

1.2.2 Verduidelik TWEE ander strategieë wat die besigheid kan implementeer om invorderings by debiteure te verbeter. In elke geval, verduidelik hoe die strategie die verbetering van invorderings tot gevolg sal hê. (4)

1.2.3 Hoe kan swak beheer oor debiteure die kontantvloei van 'n besigheid negatief beïnvloed? Verduidelik EEN gevolg. (2)

**INLIGTING:**

**Debiteure-ouderdomsontleding op 31 Maart 2026:**

| Totaal | Huidige maand | 30 dae | 60 dae | 90 dae | 90 dae + |
|---|---|---|---|---|---|
| R288 000 | R126 720 | R43 200 | R46 080 | R37 440 | R34 560 |

## 1.3 BELASTING OP TOEGEVOEGDE WAARDE (BTW)

Die inligting het betrekking op Elmon Handelaars vir die BTW-tydperk wat op 30 April 2026 geëindig het. Die standaard-BTW-koers is 15%. Die eienaar van die besigheid is Elmon Thela.

**GEVRA:**

1.3.1 Bereken die BTW-bedrae in die tabel wat in die ANTWOORDEBOEK gegee word. Dui die effek van ELKE item op die bedrag betaalbaar aan SAID aan. Toon 'n **'+'** vir 'n toename en 'n **'-'** vir 'n afname.

**LET WEL:** (i) is in die ANTWOORDEBOEK voltooi. (9)

1.3.2 Elmon wil die BTW-bedrag op rekeninge afgeskryf van R5 850 tot R70 000 verhoog. Hy beweer dat niemand dit sal opmerk nie en dat dit die besigheid in staat sal stel om 'n kleiner bedrag verskuldig aan SAID, te betaal.

Gee EEN rede waarom hierdie optrede oneties en onaanvaarbaar is. (2)

**INLIGTING:**

**A.** Bedrag verskuldig aan SAID op 1 April 2026, R267 500.

**B. Transaksies vir April 2026:**

| NR. | BESONDERHEDE | BTW UITGESLUIT R | BTW INGESLUIT R | BTW-BEDRAG R |
|---|---|---|---|---|
| (i) | **Onttrekkings van voorraad** | **9 000** | **10 350** | **1 350** |
| (ii) | Handelsvoorraadaankope | 325 000 | | **?** |
| (iii) | Handelsvoorraad teruggestuur deur klante | | | 7 800 |
| (iv) | Totale verkope (kontant en krediet) | | * 458 850 (sien nota hieronder) | **?** |
| (v) | Uitgawes betaal | | | 9 750 |
| (vi) | Oninbare skulde ingevorder | | | 1 200 |

**NOTA:**

***Sluit goedere met 'n verkoopprys van R25 530 (BTW ingesluit) in. Hierdie goedere moes as nulkoersitems aangeteken gewees het.

**40**

## VRAAG 2: KOSTEREKENINGKUNDE (40 punte; 30 minute)

### 2.1 KONSEPTE

Gee EEN kosterekening vir elk van die volgende beskrywings deur 'n kosterekening uit die lys hieronder te kies. Skryf slegs die kosterekening langs die vraagnommers (2.1.1 tot 2.1.3) in die ANTWOORDEBOEK neer.

| |
|---|
| direkte materiaalkoste; direkte arbeidskoste; fabrieksbokoste; administrasiekoste; verkoop- en verspreidingskoste |

2.1.1 Oninbare rekeninge van klante afgeskryf

2.1.2 Vraggeld op grondstowwe aangekoop

2.1.3 Waardevermindering op kantoortoerusting (3 x 1) (3)

### 2.2 STAY-FIT VERVAARDIGERS

Die besigheid, van wie die eienaar Florence Summers is, vervaardig sweetpakke en ander tipes klerasie. Die inligting gegee, is slegs op die produksie van sweetpakke van toepassing. Die finansiële jaar het op 28 Februarie 2026 geëindig.

**LET WEL:** Daar is geen goedere-in-bewerkingsaldo's nie aangesien produksie slegs volgens bestellings ontvang, plaasvind.

**GEVRA:**

2.2.1 **Verwys na inligting B.**

Bereken die direkte arbeidskoste. (6)

2.2.2 **Verwys na inligting C.**

Bereken die korrekte fabrieksbokoste vir die jaar deur die tabel in die ANTWOORDEBOEK te voltooi. (6)

2.2.3 Bereken die eenheidskoste van produksie vir die finansiële jaar geëindig 28 Februarie 2026. (5)

2.2.4 Stay-Fit Vervaardigers voer hulle sweetpakke na 'n aantal lande uit. Een van hulle grootste uitvoerlande sal met ingang 1 April 2026 hulle uitvoerbelasting met 30% verhoog.

- Verduidelik hoe dit die besigheid sal beïnvloed. Noem EEN punt. (2)
- Noem EEN strategie wat die besigheid kan implementeer om huidige uitvoere na hierdie land vol te hou. (2)

**INLIGTING:**

**A. Direkte materiale/Grondstofmateriale:**

Direkte materiale vir produksie uitgereik, R3 200 000.

**B. Direkte arbeid:**

- 80 werkers het in produksie gewerk.
- Elke werker het gedurende die jaar 1 960 ure normale tyd teen 'n tarief van R45 per uur gewerk.
- Die oortydregister het 'n gesamentlike totaal getoon van 2 000 uur gewerk, teen 'n koers van 1,6 keer die koers van normale tyd.
- Alle werkers is by die Werkloosheidversekeringsfonds (WVF) geregistreer. Die aftrekking beloop 1% van die werkers se bruto loon. Die werkgewer dra namens die werkers 1% van die bruto loon tot die WVF by.

**C. Fabrieksbokoste:**

Die boekhouer het die fabrieksbokoste as R1 068 200 bereken. Hy het egter die volgende foute begaan wat reggestel moet word:

(i) Hy het die eindvoorraad van die fabriek se indirekte materiaal as R5 320, in plaas van R6 320, aangeteken.

(ii) Die totale bedrag vir die telefoonuitgawes, R37 600, is by die fabrieksbokoste ingesluit, in plaas van slegs 25% van hierdie uitgawe.

(iii) 'n Bedrag van R54 000 van fabrieksversekering is volgens die verhouding 3 **:** 2 **:** 2 vir die fabriek, verkope en kantoor onderskeidelik toegeken. Hierdie uitgawe moes volgens die verhouding 2 **:** 1 **:** 1 onderskeidelik verdeel gewees het.

**D. Produksie:**

Getal sweetpakke vervaardig: 64 000 eenhede

## 2.3 BAGS GALORE VERVAARDIGERS

Bags Galore Vervaardigers word deur Cyril Khan besit. Hulle vervaardig skooltasse en skootrekenaarsakke. Die finansiële jaar het op 28 Februarie 2026 geëindig.

**GEVRA:**

**SKOOLTASSE:**

2.3.1 Bereken die verkoopprys per eenheid vir die jaar geëindig 28 Februarie 2026. (4)

2.3.2 Identifiseer die veranderlike koste wat die grootste probleem veroorsaak het. Haal syfers aan. Gee 'n geldige oplossing vir die probleem geïdentifiseer. (3)

**SKOOTREKENAARSAKKE:**

2.3.3 Lewer kommentaar op die gelykbreekpunt en die wins gegenereer vir die jaar geëindig 28 Februarie 2026. Haal syfers aan. Gee 'n ander rede vir die verbetering in elke geval. (6)

2.3.4 Cyril het daadwerklike besluite geneem om skootrekenaarsakke uit te voer. Dit het tot 'n styging in al die veranderlike koste per eenheid gelei. Gee 'n ander rede vir die styging in elke geval. (3)

**INLIGTING:**

| | **SKOOLTASSE** | | **SKOOTREKENAAR-SAKKE** | |
|---|---|---|---|---|
| | **2026** | **2025** | **2026** | **2025** |
| Gelykbreekpunt | 8 280 | 11 520 | 5 763 | 6 476 |
| Getal eenhede vervaardig en verkoop | 24 150 | 37 500 | 11 625 | 9 750 |
| | | | | |
| | **R** | **R** | **R** | **R** |
| Verkoopprys per eenheid | **?** | | 2 460 | 1 890 |
| **Veranderlike koste per eenheid** | **358** | **366** | **1 547** | **1 077** |
| Direkte materiaalkoste | 138 | 174 | 684 | 495 |
| Direkte arbeidskoste | 197 | 150 | 572 | 540 |
| Verkoop- en verspreidingskoste | 23 | 42 | 291 | 42 |
| Totale vaste koste | 794 880 | | | |

**40**

## VRAAG 3: VOORRAADWAARDASIE EN VASTE BATES (30 punte; 30 minute)

3.1 **VOORRAAD:**

Galaxy Handelaars, besit deur Julian Tshabalala, verkoop een handelsmerk mikrogolfoonde. Die besigheid gebruik die eerste-in-eerste-uit(EIEU)-metode om die mikrogolfoondvoorraad te waardeer. Die periodieke voorraadstelsel word gebruik. Die finansiële jaar het op 28 Februarie 2026 geëindig.

**GEVRA:**

3.1.1 Bereken die waarde van die eindvoorraad op 28 Februarie 2026 deur die EIEU-voorraadwaardasiemetode te gebruik. (5)

3.1.2 Bereken die voorraadhoudingsperiode (in dae) op 28 Februarie 2026. Gebruik die eindvoorraadsyfer. (3)

3.1.3 Lewer kommentaar op jou berekening in VRAAG 3.1.2. Noem TWEE punte. Die voorraadhoudingsperiode op 28 Februarie 2025 was 72 dae. (4)

**INLIGTING:**

**A. Voorraadrekords van mikrogolfoonde:**

| | **Getal mikrogolfoonde** |
|---|---|
| 1 Maart 2025 | 1 850 |
| 28 Februarie 2026 | 2 270 |

**B. Aankope en terugsendings:**

| **DATUM** | **EENHEDE** | **PRYS PER EENHEID R** | **TOTAAL R** |
|---|---|---|---|
| Mei 2025 | 2 800 | 1 440 | 4 032 000 |
| Augustus 2025 | 3 500 | 1 450 | 5 075 000 |
| November 2025 | 1 700 | 1 580 | 2 686 000 |
| Desember 2025 | (90) | **?** | (142 200) |
| **TOTALE** | 7 910 | | 11 650 800 |

**C. Vraggeld op aankope:**

- Flash Carriers het die besigheid R95 per mikrogolfoond gevra by die besigheid afgelewer. Dit is vanaf November 2025 na R110 per eenheid verhoog.
- Geen terugbetaling word ontvang op terugsendings van mikrogolfoonde nie. Die verskaffer laai die terugsendings direk by die besigheid op.

**D. Verkope en koste van verkope:**

- 7 490 eenhede is verkoop.
- Ná inagneming van al die aansuiwerings was die koste van verkope R14 524 000.

## 3.2 VASTE BATES:

Die inligting het betrekking op die vaste/tasbare bates van Roxy Handelaars. Die finansiële jaar het op 28 Februarie 2026 geëindig.

**GEVRA:**

3.2.1 Noem TWEE punte vir goeie interne beheer oor tasbare vaste bates. (2)

3.2.2 Bereken die volgende:

- Kosprys van grond en geboue op 28 Februarie 2026 (2)
- Verlies op die ou yskas wat op 30 September 2025 verkoop is (5)
- Totaal van die waardevermindering op die nuwe kasregister wat op 1 Desember 2025 aangekoop is en die oorblywende ou toerusting vir die jaar geëindig 28 Februarie 2026 (5)

3.2.3 **Verwys na inligting E.**

Bereken die bedrae wat deur **(i)** tot **(iii)** aangedui is. (4)

**INLIGTING:**

**A. Die volgende saldo's, onder meer, het op 1 Maart 2025 in die Algemene Grootboek van Roxy Handelaars verskyn:**

| | **R** |
|---|---|
| Grond en geboue teen kosprys | 5 600 000 |
| Toerusting teen kosprys | 745 000 |
| Voertuie teen kosprys | 2 520 000 |
| Opgehoopte waardevermindering op toerusting | 233 000 |
| Opgehoopte waardevermindering op voertuie | 850 000 |

**B.** Ontvang op 1 Augustus 2025 'n faktuur van Décor Renovators vir die volgende:

| | **R** |
|---|---|
| Nuwe stoorkamer gebou | 400 000 |
| Elektrisiteit, loodgieters- en verfwerk vir die nuwe stoorkamer | 38 000 |

**C.** Verkoop 'n ou yskas (toerusting) aan 'n klant vir R17 500 kontant op 30 September 2025. Volgens die Vastebateregister was die drawaarde van hierdie yskas R23 400 op 1 Maart 2025.

**D.** Koop 'n nuwe kasregister (toerusting) by Computing Solutions op 1 Desember 2025. 'n EFO-betaling ter waarde van R65 000 is gemaak.

**E. Uittreksel uit die Vastebateregister van voertuie:**

| | |
|---|---|
| Beskrywing | Afleweringsvoertuig |
| Waardeverminderingskoers | 25% p.j. op kosprys |
| Kosprys | R450 000 |

| DATUM | WAARDE-VERMINDERING | OPGEHOOPTE WAARDEVERMINDERING | DRAWAARDE |
|---|---|---|---|
| 28 Feb. 2025 | 112 500 | 375 000 | 75 000 |
| 28 Feb. 2026 | **(i)** | **(ii)** | **(iii)** |

**F.** Dit is die beleid om soos volg vir waardevermindering te voorsien:

- Toerusting teen 20% p.j. volgens die verminderdesaldo-metode
- Voertuie teen 25% p.j. op kosprys

**30**

**VRAAG 4: BEGROTINGS** **(40 punte; 30 minute)**

Dazzling Outfitters verkoop duur damesrokke. Hulle verstel ook rokke vir klante. Die besigheid word deur Grace Mthembu besit. Die inligting het betrekking op die begrotingsperiode wat op 31 Julie 2026 eindig.

**LET WEL:**
- Klante word toegelaat om rokke vir kontant of op krediet te koop.
- Klante moet kontant vir ALLE verstellings betaal.

**GEVRA:**

4.1 **Debiteure:**

4.1.1 Voltooi die Debiteure-invorderingskedule. (6)

4.1.2 Bereken die volgende:

- Korting toegestaan in Julie 2026 (2)
- Oninbare skulde wat in Julie 2026 afgeskryf moet word (2)

4.2 Bereken die ontbrekende bedrae aangedui deur **(i)** tot **(iv)** in die Kontantbegroting. (16)

4.3 **Verwys na inligting H.**

4.3.1 **Advertensies:**

- Bereken die persentasie verandering tussen die begrote en werklike bedrae in Mei 2026. (2)
- Noem EEN punt waarom Grace besluit het om meer as die begrote bedrag op advertensies te spandeer. (1)
- Grace is van mening dat dit 'n wyse besluit was om meer op advertensies te spandeer.
  - Noem EEN punt (met syfers) waarom jy met haar sal saamstem.
  - Noem EEN punt (met syfers) waarom jy nie met haar sal saamstem nie. (4)

4.3.2 Mededingers het gekla oor kontantvloeiuitdagings wat hulle as gevolg van moeilike ekonomiese toestande ervaar. Verduidelik hoe Dazzling Outfitters negatief beïnvloed word deur die gemiddelde bedrae wat klante op die koop van rokke spandeer het. Noem EEN punt (met syfers). (3)

4.3.3 **Verbruiksgoedere en lone (vir verstellingspersoneel):**

Grace voel dat die verbruiksgoedere en lone (vir verstellings) goed beheer word. Gee relevante berekeninge/syfers om haar mening vir elke item te ondersteun. (4)

**INLIGTING:**

**A. Verkope:**

- 65% van verkope is kredietverkope.
- Begrote kredietverkope:

| | R |
|---|---|
| April 2026 | 204 750 |
| Mei 2026 | 364 000 |
| Junie 2026 | 409 500 |
| Julie 2026 | **?** |

**B. Verwagte debiteure-invordering**

- 40% ingevorder in die maand van verkope, min 6%-korting vir vroeë betaling.
- 50% ingevorder in die maand wat volg op die maand van verkope.
- 8% ingevorder twee maande ná die maand van verkope.
- 2% word as oninbaar beskou in die derde maand ná die maand van verkope.

**C. Voorraadaankope:**

- Voorraad word teen 'n winsopslag van 75% op kosprys verkoop.
- 60% van alle aankope van voorraad is op krediet.
- 'n Basisvoorraad word gehandhaaf. Handelsvoorraad word in die maand van verkope vervang.
- Krediteure word in die maand ná aankope van voorraad ten volle betaal.

**D. Huuruitgawe:**

Die huuruitgawe sal met 11% p.j. met ingang van 1 Julie 2026 verhoog.

**E. Lening:**

- Die besigheid het 'n lening wat by Petro Bank teen 'n rentekoers van 9% p.j. uitgeneem is. Rente word nie gekapitaliseer nie.
- Aangesien die besigheid steeds kontantvloeiprobleme ondervind, sal Grace op 1 Junie 2026 'n addisionele lening by Petro Bank, teen dieselfde rentekoers, uitneem.

**F. Salarisse van verkoopsassistente:**

- Die besigheid het in Mei 2026 twee verkoopsassistente in diens geneem. Beide verdien dieselfde maandelikse salaris.
- Hulle is vanaf 1 Junie 2026 'n verhoging van 5% belowe.
- Die besigheid beplan om 'n bykomende verkoopsassistent vanaf 1 Julie 2026 in diens te neem. Hierdie assistent sal 'n maandelikse salaris verdien wat 20% minder is as die maandelikse koers wat gedurende Mei 2026 deur elke verkoopsassistent verdien is.

## G. Uittreksel uit die Kontantbegroting:

| | MEI 2026 | JUNIE 2026 | JULIE 2026 |
|---|---|---|---|
| **ONTVANGSTES** | **R** | **R** | **R** |
| Kontantverkope | | | 269 500 |
| Invorderings van debiteure | | | **?** |
| Fooi-inkomste (uit verstellings) | 16 000 | 16 000 | 16 000 |
| Addisionele lening van Petro Bank | | **(ii)** | |
| **BETALINGS** | | | |
| Huuruitgawe | | **(i)** | 39 960 |
| Betalings aan krediteure | | | **(iii)** |
| Rente op lenings | 1 365 | 2 625 | 2 625 |
| Salarisse van verkoopsassistente | 22 400 | | **(iv)** |
| Advertensies | 10 000 | 12 000 | 30 000 |
| Verbruiksgoedere (slegs vir verstellings) | 4 480 | | |
| Lone van verstellingspersoneel | 9 600 | 9 600 | 9 600 |

## H. Vergelyking van begrote syfers met werklike syfers vir Mei 2026:

| | MEI 2026 | |
|---|---|---|
| | **BEGROOT** | **WERKLIK** |
| **Totale getal klante** | **200** | **273** |
| Getal klante wat rokke gekoop het | 80 | 105 |
| Getal klante vir verstellings | 120 | 168 |
| | **R** | **R** |
| Kontant- en kredietverkope van rokke | 560 000 | 504 000 |
| Fooi-inkomste (slegs vir verstellings) | 16 000 | 21 000 |
| Advertensies | 10 000 | 15 000 |
| Verbruiksgoedere (slegs vir verstellings) | 4 480 | 5 040 |
| Lone (slegs vir verstellingspersoneel) | 9 600 | 9 600 |

**40**

**TOTAAL: 150**

*Kopiereg voorbehou*

| **GRAAD 12 REKENINGKUNDE-FORMULEBLAD MET FINANSIËLE AANWYSERS** | |
|---|---|
| $\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{100}{1}$ |
| $\frac{\text{Netto wins voor belasting}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Netto wins na belasting}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ |
| $\frac{\text{Bedryfsuitgawes}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Bedryfswins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ |
| Totale bates **:** Totale laste | Bedryfsbates **:** Bedryfslaste |
| (Bedryfsbates – Voorraad) **:** Bedryfslaste | Niebedryfslaste **:** Aandeelhouersbelang |
| (Handel & ander ontvangbare bedrae + Kontant & kontantekwivalente) **:** Bedryfslaste | |
| $\frac{\text{Gemiddelde handelsvoorraad}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{365}{1}$ (Sien Nota 1 hieronder) | $\frac{\text{Koste van verkope}}{\text{Gemiddelde handelsvoorraad}}$ |
| $\frac{\text{Gemiddelde debiteure}}{\text{Kredietverkope}} \times \frac{365}{1}$ | $\frac{\text{Gemiddelde krediteure}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{365}{1}$ (Sien Nota 2 hieronder) |
| $\frac{\text{Netto inkomste na belasting}}{\text{Gemiddelde aandeelhouersbelang}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Netto inkomste na belasting}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$ (Sien Nota 3 hieronder) |
| $\frac{\text{Netto inkomste voor belasting + Rente op lenings}}{\text{Gemiddelde aandeelhouersbelang + Gemiddelde nie-bedryfslaste}} \times \frac{100}{1}$ | |
| $\frac{\text{Aandeelhouersbelang}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Dividende vir die jaar}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$ |
| $\frac{\text{Tussentydse dividende}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Finale dividende}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$ |
| $\frac{\text{Dividende per aandeel}}{\text{Verdienste per aandeel}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Dividende vir die jaar}}{\text{Netto inkomste na belasting}} \times \frac{100}{1}$ |
| $\frac{\text{Totale vaste koste}}{\text{Verkoopprys per eenheid – Veranderlike koste per eenheid}}$ | |

**LET WEL:**
1. Handelsvoorraad aan die einde van 'n finansiële jaar kan gebruik word as dit in 'n vraag vereis word. 365 dae is slegs van toepassing indien dit relevant tot die hele jaar is.
2. Kredietaankope kan gebruik word in plaas van koste van verkope (syfers sal dieselfde wees mits voorraad konstant bly).
3. Indien daar 'n verandering in die aantal uitgereikte aandele gedurende 'n finansiële jaar is, word die geweegdegemiddelde getal aandele in die praktyk gebruik.

*Kopiereg voorbehou*